Suid-Afrikaanse maatskappy help wêreld se oë rus

Groen oogklap . . . Me. Kerryne Krause-Neufeldt, uitvoerende hoof van eyeSlices, demonstreer hoe hierdie kunsmatige komkommerskyfie-skoonheidskuur werk. Foto: HENDRI PELSER

André Janse van Vuuren,
Johannesburg

Die "kunsmatige komkommerskyfies" van 'n Suid-Afrikaanse sakevrou kan eersdaags op meer internasionale winkelrakke verskyn danksy 'n R7 miljoen-kontantinspuiting van 'n private-ekwiteitsfonds.

Die eienaars van eyeSlices, 'n skoonheidsproduk vir die behandeling van moeë oë en donker kringe, het dié belegging gelok minder as 18 maande nadat dit in Suid-Afrika bekend gestel is.

Me. Kerryne Krause-Neufeldt, uitvoerende hoof van eyeSlices, het vroeër tydens die bekendstelling van die produk gesê sy het dié kuur, gegrond op Suid-Afrikaanse tegnologie, ontwikkel nadat sy jare gelede as 'n internasionale verspreider van oogsorgprodukte deur vennote ingeloop is en alles verloor het.

Die produk is twee ovaalvormige "snytjies" polimeer-hidrojel wat die aktiewe behandelingsbestanddele stadig vrystel. Dit is sag, deurskynend, soos rubber en bedek die hele oog wanneer dit regstreeks op die vel geplaas word.

Dit het Krause-Neufeldt vier jaar geneem om die aktiewe bestanddele van haar produk toe te pas op 'n polimeer-hidrojel-behandelingskyfie wat reeds in 1993 by die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad gepatenteer is.

"Dié tegnologie het op die rak gelê en stof vergaar," het sy gesê.

"Dit was perfek om saam met my aktiewe bestanddele as 'n oogbehandelingsmiddel gebruik te word."

Krause-Neufeldt het die eksklusiewe regte bekom om die tegnologie wêreldwyd te gebruik en te versprei.

Daarna het verdere ontwikkeling plaasgevind sodat die produk in groot maat vervaardig kon word terwyl dit steeds aan vereistes soos 'n lang raklewe teen wisselende temperature voldoen.

Die onderneming is reeds aangewys as een van die mees belowende opkomende maatskappye in die departement van wetenskap en tegnologie se Top-100-toekennings vir tegnologie, asook vir uitnemendheid in die bestuur van tegnologie.

Die R7 miljoen-kontantinspuiting is belê deur die vroue-private-ekwiteitsfonds (WPEF), onder leiding van Glenhove-fondsbestuurders en me. Wendy Luhabe.

"Die WPEF beskou eyeSlices se groei-vooruitsigte in die plaaslike sowel as die internasionale mark as bo-gemiddeld," lui 'n verklaring wat deur die fonds uitgereik is.